Navrae
Enquiries
IMibuzo
ARBEIDSVERHOUDINGS

Telefoon
Telephone
IFoni
(021) 467-2846

Faks
Fax
IFeksi
(021) 461-5629

Verwysing
Reference
Isalathiso
16/1/8
20020613-0012

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF : 0095/2002
VERVALDATUM : GEEN

AAN : HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e) KURRIKULUMADVISEURS, KRINGBESTUURDERS EN HOOFDE VAN OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS

KORT OPSOMMING : *DEPARTMENTELE BELEID AANGAANDE LYFSTRAF EN DIE PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD WANNEER SODANIGE INSIDENTE GERAPPORTEER WORD*

ONDERWERP : VERBOD OP LYFSTRAF

## INLEIDING

Klagtes oor lyfstraf teen opvoeders in diens van die WKOD het in die laaste tyd toegeneem. Dit het dus nodig geword om die beleid van die Departement hieroor duidelik te stel en hoofde van inrigtings te versoek om hierdie beleid bekend te stel aan alle opvoeders aan wie die verantwoordelikheid toevertrou is om vir leerders sorg te dra.

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het omvattende transformasie ondergaan in alle sfere, nl. sosiaal, ekonomies en polities, sedert 1994 toe daar uitgetree is uit isolasie en 'n nuwe demokratiese en humanitêre grondwet ingestel is waarvolgens die reg op waardigheid, gelykheid, vryheid en veiligheid vir alle burgers gewaarborg is. In onderwysgeledere is lyfstraf in al ons skole verbied as deel van hierdie transformasie. Hierdie stap word gerugsteun deur navorsing wat aandui dat daar 'n skakel bestaan tussen lyfstraf en die soorte en vlakke van geweld in die gemeenskap. As gevolg van hierdie navorsing is lyfstraf in Europa, Noord-Amerika, Australië, Japan en baie ander lande verbied en gemeenskappe het toenemend ingesien dat die verbod 'n belangrike stap in die rigting van 'n meer vredeliewende en verdraagsame gemeenskap is.

<u>WETGEWENDE RAAMWERK</u>

Verskeie wette is in Suid-Afrika gepromulgeer om hieraan uitvoering te gee. Hier volg 'n kort uiteensetting van wat aanleiding gegee het tot die huidige posisie:

- Die Verenigde Nasies se "Convention on the Rights of the Child" het van Suid-Afrika verwag om wette te promulgeer oor agtelosige behandeling of eksploitasie, wat seksuele misbruik insluit, om sodoende die kind te beskerm teen alle vorme van fisiese en sielkundige geweld, besering of misbruik of verwaarlosing;

- Die Afrika Handves op die Regte en Welsyn van die Kind, daarbenewens, vereis van Suid-Afrika om stappe te doen wat sal verseker dat 'n kind wat onderworpe is aan skool- of ouerlike dissipline, menslik en met respek vir die inherente waardigheid van die kind behandel sal word.

- Artikel 12 van die Suid-Afrikaanse Grondwet stel dit dat elkeen die reg het om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende manier behandel of gestraf te word nie.

- Die Nasionale Wet op Onderwysbeleid (1996) stel dit dat geen persoon "lyfstraf sal toedien of 'n leerling by enige opvoedkundige inrigting aan <u>sielkundige</u> of <u>fisiese</u> misbruik sal onderwerp nie", en

- Die Suid-Afrikaanse Skolewet (1966) stel dit as volg:

  "1. Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf op 'n leerder toedien nie, en
  2. Enige persoon wat strydig met subartikel 1 optree, is skuldig aan 'n oortreding en is onderhewig aan skuldigbevinding en 'n vonnis wat opgelê kan word vir aanranding. "

<u>DEFINISIE VAN LYFSTRAF</u>

Die WKOD onderskryf die volgende definisie van lyfstraf:

"Enige doelbewuste optrede teen 'n kind wat pyn of fisiese ongemak veroorsaak om hom of haar te straf of in bedwang te hou. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot pak gee, klap, knyp, klop van 'n kind met die hand of met 'n voorwerp, om 'n kind te weerhou van die gebruik van die toilet, om maaltye, vloeistowwe, warmte en beskutting vir 'n kind te ontsê, 'n kind gewelddadig te stoot of te ruk, of om die kind te dwing om oefeninge te doen. (Sien *www.childadvocate.com.*)

Hieruit volg dit dat lyfstraf wat enige van bogenoemde optrede insluit, teen die wet en verbode is in inrigtings onder die bestuur van die WKOD. Enige werknemer van die WKOD (opvoeder of administratiewe beampte) wat fisiese of sielkundige maniere gebruik om 'n kind te dissiplineer of te straf word hiermee gewaarsku dat die WKOD sodanige werknemer in die eerste plek formeel van wangedrag sal aankla en terselfdertyd dit sal oorweeg om die saak na die Suid-Afrikaanse Polisiediens te verwys (ingevolge bestaande wetgewing) vir moontlike kriminele vervolging van die individu. (Werknemers word verder gewaarsku dat siviele of kriminele stappe ingestel mag word deur die ouers of voogde van enige leerder en teen enige individu vir die beweerde toediening van lyfstraf teen hulle kind. In so 'n geval sal die individuele werknemer in sy of haar persoonlike hoedanigheid aangekla word.)

DIE OPLEGGING VAN STRAFMAATREëLS

In gevalle waar dit bevind word dat werknemers skuldig is aan die toediening van lyfstraf of aan 'n soortgelyke misdryf, waarsku die WKOD dat hy, in die lig van die erns van sodanige dade en die implikasies wat dit vir die WKOD mag inhou, sal vra vir die instel van uiters strenge strafmaatreëls, wat ontslag kan insluit.

Werknemers word daaraan herinner dat lyfstraf 'n kriminele oortreding is en dat die WKOD 'n beleid van geen verdraagsaamheid in hierdie opsig nou volg.

OPTREDE WANNEER 'N INSIDENT VAN LYFSTRAF GERAPPORTEER WORD

1. Verkry soveel inligting as moontlik van die klaer omtrent die beweerde oortreding, hetsy in 'n geskrewe of 'n beëdigde verklaring. Indien dit nie moontlik is nie, skryf u weergawe van die insident in u eie woorde neer.

2. Stuur al die dokumente onder dekking van 'n brief aan die Direktoraat: Arbeidsverhoudinge te Hoofkantoor en merk dit "Dringend".

3. Lig u kringbestuurder in, telefonies sowel as skriftelik, aangaande die bewerings, en kry bevestiging by hom of haar dat die saak na die Hoofkantoor verwys is.

4. Lig ouers van die leerder in aangaande die insident en die feit dat u dit verwys het na die WKOD se Hoofkantoor vir verdere aandag. Lig hulle in dat 'n amptenaar van die Departement hulle binnekort sal kontak. (Hou altyd die ouers op hoogte van wat aangaan ten opsigte van die saak.) ***LW Ouers kan die skoolhoof nie verhinder om die saak na die WKOD vir verdere ondersoek en optrede te verwys nie. Skoolhoofde wat versuim om so op te tree, kan gedagvaar word as mede-aangeklaagdes in 'n kriminele of enige ander geding.***

***LW Daar word van hoofde van inrigtings en toesighoudende personeellede verwag om bogenoemde prosedure streng na te volg. Die WKOD sal nie huiwer nie om diegene aan te kla wat nalaat om by hierdie prosedure te hou en sodoende die WKOD se statutêre verpligting om die kind te beskerm in die gedrang bring.***

Hoofde van inrigtings en bestuurders word versoek om die erns van die saak onder alle personeellede se aandag te bring en hulle te waarsku teen enige gevolge indien hulle lyfstraf sou toepas.

Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle personeel gebring word, wat moet teken in erkenning dat hulle die inhoud begryp. Rekord van sodanige erkennings moet op lêer gehou word by die skool met die oog op toekomstige verwysing.

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 08/08/02